# EDITORIAL/REDAKSIONEEL

*A talking point lately, and one that was also addressed at the annual SACOMM conference, is the state of journalism education. Some perplexing issues can be raised after three decades of journalism teaching in this country. At a journalism trainers' seminar held by the Institute for the Advancement of Journalism recently, some critical issues were raised. These issues include:*

- *lack of placement opportunities for trained journalists*
- *inappropriate training*
- *insufficient training in writing and language skills*
- *maintaining training standards*
- *insufficient training of journalists in the hidden media sectors*
- *political changes affecting media structures*
- *ensuring press freedom by upgrading the standard of South African journalism.*

*Hoewel daar geen maklike of eenvoudige oplossings vir hierdie vraagstukke is nie, is dit noodsaaklik dat hierdie vraagstukke aangespreek word. In hierdie uitgawe bied Forum 'n platform vir standpuntinnname vanuit twee verskillende perspektiewe oor vraagstukke rondom joernalistiek-opleiding in die hoop dat dit verdere gesprekvoering oor hierdie belangrike aangeleentheid sal stimuleer.*

*Opleidingsbehoeftes is ook die fokus van Gustav Puth se artikel. In sy artikel spreek Puth die toekomstige behoefte aan kommunikasie-opleiding in die bestuurswetenskappe aan. Ondanks 'n groeiende besef by die privaatsektor hoe belangrik kommunikasie-opleiding geag behoort te word, is daar 'n oënskynlike gebrek aan bestuurskommunikasie-opleiding in die kurrikulums van die meeste tersiêre inrigtings. Een van die belangrikste aanbevelings wat Puth maak, is ongetwyfeld dat basiese kommunikasiekursusse ingesluit behoort te word in die kurrikulums van die fakulteite en departemente in die ekonomiese en bestuurswetenskappe.*

*The mass media and its role in constructing realities, is focused on by two authors. In her article, Jennifer Lemon deconstructs the new (eroticised) notions of masculinity in the light of the contemporary 'crisis of masculinity' and the new popular culture representations of masculinity in the mass media.*

*Simon Burton fokus op die belangrike verhouding tussen mediaverbruik en houdings teenoor geweld in die Pietermaritzburg-omgewing. Hy vind 'n paar interessante verskille tussen die Indiër- en Blanke gemeenskappe se houdings teenoor die uitbeelding van geweld in die massamedia en in 'n sekere mate in hul mediaverbruikspatrone.*

*Persepsieverskille is ook die onderwerp van Liesel Manthe en Manie Breytenbach se artikel. In hierdie artikel word die verskille in persepsies wat 'n gedeelte van studente van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat van die algemene swart bevolking hou, ondersoek. Hierdie artikel is gegrond op 'n studentevoordrag wat by vanjaar se SAKOMM-kongres gelewer is. Communicare plaas graag bydraes van kommunikasiestudente omdat dit belangrik is dat die wetenskap ook jong vakkundiges moet aanmoedig.*

*The so-called New Journalism also features in this issue of Communicare. Coenie de Villiers argues in his article that a measure of cabaret texts may be sufficiently journalistic in style and structure to be considered New Journalism.*

*Die alternatiewe pers se bydrae is in die vorm van Die Laaste Woord deur Max du Preez. Sy bydrae toon duidelik hoe belangrik dit is dat die koerant 'n instrument van die demokrasie moet bly – ongeag of dit hoofstroom-, verborge-, alternatiewe of nuwe joernalistiek behels.*

**SONJA VERWEY**
**REDAKTEUR**

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).